# Geboei

deur

# Tale

Doug Batchelor

KOPIEREG © 2004 DEUR
DOUG BATCHELOR

ALLE REGTE VOORBEHOU.

IN AFRIKAANS VERTAAL DEUR
ANITA VAN DEVENTER

VIR GEBRUIK IN DIE
TRANSVAAL KONFERENSIE

# Geboei
deur
# Tale

deur
**Doug Batchelor**


1. Verskille in Vertolking ……………………………
2. Die Ware Gawe van Tale ………………………..
3. Die Boodskap aan Korinte ……………………
4. Hemelse Gebedstaal? …………………………
5. Korrekte Prioriteite ………………………….
6. Kreatiewe Namaaksel …………………………..
7. Aanvaar uit die Heidendom ………………………
8. Hoe God se Gees Ons Beïnvloed …………………
9. Gebabbel in Babilon ……………………………..
10. Aan die Gehoorsames Gegee ……………………

***‘n Verbasende Feit:***

*Oorlewering leer dat toe die Grieke selfs na ‘n 10-jaar beleg nie die stad van Troje kon inneem nie, hulle hulle ten einde laaste tot ‘n slim strategie gewend het. Die Griekse lëer het voorgegee dat hulle wegseil en het ‘n groot, hol houtperd op die strand gelos as ‘n klaarblyklike oorwinningsgeskenk. Die geskenk was egter in werklikheid gevul met ‘n hele aantal gewapende soldate! Sinon, ‘n Griekse spioen in Troje, het die Trojane oorreed om die perd tot binne-in die stadsmure te bring want deur dit te doen, sou Troje op ‘n geheimsinnige manier onoorwinlik wees. Daardie nag het Sinon die troepe losgelaat wat in die reuse perd geskuil het. Nadat hulle die Trojaanse wagte doodgemaak het, het hulle die hekke vir die wagtende Griekse soldate oopgemaak, en Troje was ingeneem en afgebrand.*

---

# HOOFSTUK EEN
# **VERSKILLE IN VERTOLKING**

‘n Geskenk van ‘n vyand kan dodelik wees. Die boewewêreld het alreeds suksesvol van baie menslike teikens ontslae geraak deur ‘n bom as ‘n geskenk toe te draai met papier en ‘n swierige strik wat dan ontplof wanneer dit oopgemaak word. Vandag gebruik die duiwel ‘n vervalste gawe van die Gees – ‘n heidense weergawe van die gawe van tale – om toegang te verkry tot die kerk van God en dit van binne af te vernietig.

Kort nadat ek ‘n Christen geword het, het ek van Palm Springs na Los Angeles, VSA, geryloop om my moeder te gaan besoek. Ongeveer halfpad na my bestemming, is ek opgelaai deur ‘n vriendelike, middeljarige Pinksterdame wat baie bly was om te hoor van my onlangse bekering. Terwyl ons voortgereis het, het sy gevra, “Het jy al die Heilige Gees ontvang?”

Ek was ‘n bietjie verras deur haar vraag, omdat niemand my dit nog ooit gevra het nie.  “Wel, ek dink ek het,” het ek stadig gesê.  “Ek voel verseker God se Gees in my lewe.  U weet, die Here help my om so baie veranderinge te maak – soos om dwelms, steel, leuens, vloek, en baie meer, prys te gee.”

“Nee, dit is nie wat ek bedoel nie,” het sy met ‘n effens gefrustreerde kyk gesê.  “Is jy gedoop met die Heilige Gees? Praat jy in tale?”

Dit het nogal vir my vreemd voorgekom dat dit geblyk het asof sy baie meer belang gestel het daarin of ek ‘n verruklike uitdrukking ervaar het as wat sy was oor die feit dat ek oorwinning oor die sondes behaal het wat my vir solank gevange gehou het!

Hierdie vriendelike dame was oortuig daarvan dat ek uitgemis het op ‘n basiese element van die Christelike ondervinding.  En aangesien ek nie graag van iets so belangrik ontneem wou word nie, het ek met ‘n intensiewe ondersoek begin van die kontroversiële onderwerp van tale.  Die eerste paar kerke wat ek bygewoon het, was almal charismaties, wat beteken het dat hulle glo in die praat van verruklike tale – ‘n ondervinding wat dikwels as “glossolalie” beskryf word.  Die meeste van my nuwe vriende by ons Bybelstudiegroep “het in tale gepraat” en daarom is die inligting wat ek vervolgens wil deel, die resultaat van eerstehandse ondervinding asook van jare se navorsing.

In hierdie studie moet ek ‘n paar ongewilde feite aanspreek, en ek moet eerstens sê dat alhoewel ek nie saamstem met sommige van die leringe van my charismatiese broeders en susters nie, ek daarvan oortuig is duisende van God se kinders in hierdie gemeenskappe is.  Ek besef dat selfs ook tussen charismatiese persone die gawe van tale op verskeie maniere vertolk word en daarom vra ek om verskoning indien ek soms veralgemeen.  Die stryd wat ek aanknoop, is nie teen mense nie, maar teen dwaling.  Dieselfde waarheid wat soms kan seermaak, beloof ook om ons vry te maak (Johannes 8:32)!

HOOFSTUK TWEE

# DIE WARE GAWE VAN TALE

Kom ons begin met ‘n definisie. Die woord ‘tale” in die Bybel beteken eenvoudig “’n taal.”

God gee vir ons al die gawes van die Gees om ‘n praktiese behoefte te vervul. Wat was die behoefte vir tale?

Jesus het vir Sy volgelinge gesê, “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;” (Mattheus 28:19). Hierdie opdrag het ‘n probleem geskep. Hoe kon die apostels vir die hele wêreld gaan preek as hulle slegs een of twee tale kon praat? Jesus se dissipels was baie slim, al het die meeste van hulle nie formele onderrig gehad nie. Ten einde die groot opdrag te kon vervul, het Hy beloof om vir hulle ‘n unieke gawe deur die Heilige Gees te gee. Dit was ‘n wonderbaarlike, bonatuurlike vermoë om ander tale te praat wat hulle nie voorheen formeel geleer of geken het nie om sodoende die Evangelie te kan versprei.

“En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: …met nuwe tale sal hulle spreek” (Markus 16:17).

Die feit dat Jesus gesê het dat hierdie nuwe tale ‘n “teken” sou wees, dui aan dat die vermoë om dit te praat nie sou kom as gevolg van normale taalstudie nie. Dit sou eerder ‘n onmiddellike gawe wees om vloeiend in ‘n ander taal wat hulle nie ken nie te preek.

Daar is slegs drie werklike voorbeelde van die praat van tale in die Bybel opgeteken (Handelinge hoofstukke 2, 10, en 19). Deur hierdie drie gevalle te ondersoek, behoort ons ‘n duideliker beeld te kry van hierdie kontroversiële gawe.

“En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel ‘n geluid soos van ‘n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het Toe is deur hulle tonge gesien

soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.  En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.”  (Handelinge 2:1-4).

Vuur is ‘n simbool van krag.  God het hierdie gawe in die vorm van tonge van vuur gestuur, sodat hulle kon weet dat Hy hulle swakke tonge op dieselfde manier sou krag gee as wat Hy vir Moses versterk het om voor Farao te verskyn (Exodus 4:10-12), en Jesaja se lippe met ‘n kool van die hemelse altaar aangeraak het (Jesaja 6:6,7).

Waarom het die Here gewag tot Pinkster om hierdie gawe toe te ken?  Handelinge 2:5-11 beskryf die toneel:  “En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is.  En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek; en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar:  Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie?  En hoe hoor ons *hulle*, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is? … ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek.”

Pinksterdag was ‘n Joodse heilige dag, 50 dae na die Paasfees.  Toegewyde Israeliete het vanuit alle dele van die Roomse ryk gekom om in Jerusalem te aanbid.  God het hierdie tydige geleentheid gekies om hierdie gawe van tale op die dissipels uit te stort sodat hulle vir die besoekende Jode in hulle eie tale kon preek.  Daar was ten minste 15 verskillende taalgroepe verteenwoordig in die skare daardie dag (Handelinge 2:9-11)!  As gevolg hiervan, is duisende van hierdie besoekers bekeer.  Na Pinksterdag kon hulle met hulle nuwe geloof terugkeer na hulle onderskeie lande.

Uit hierdie voorbeeld is dit dus heeltemal duidelik dat die gawe van tale gegee was om die evangelie in verskillende bestaande tale van die wêreld te kommunikeer.

Sommige het verkeerdelik voorgestel dat die wonderwerk op Pinksterdag ‘n gawe was om verskillende tale te hoor en te verstaan. Dit was nie ‘n gawe van gehoor wat aan die luisteraars gegee was nie, maar eerder ‘n gawe van die Gees wat gegee was om die gelowiges in staat te stel om te praat (Handelinge 2:4). Dit word nie die gawe van gehoor vir die luisteraars genoem nie, maar die gawe van tale vir die sprekers. Verder was die teken ook nie ore van vuur op die luisteraars nie, maar tonge van vuur op diegene wat gepreek het.

Daar word ook somtyds voorgestel dat die gawe van tale ‘n “hemelse taal” is wat slegs deur God of diegene wat die gawe van interpretasie het, verstaan kan word. In Handelinge hoofstuk twee, stel die Bybel dit duidelik dat beide die dissipels en diegene wat geluister het, verstaan het wat gepreek was – “die wonderlike dade van God” (vers 11).

Kom ons kyk nou na die tweede voorbeeld waar Petrus vir Kornelius en sy huishouding gepreek het: “En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het. En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is. Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak.” (Handelinge 10:44-46).

Handelinge 10:1 sê vir ons dat Kornelius ‘n Italianer was, terwyl Petrus ‘n Jood was en Aramees gepraat het. Die geskiedenis bevestig ook dat die diensknegte in ‘n Romeinse huis van enige deel van die wêreld kon gekom het. Omdat daar dus vanselfsprekend taalversperrings by hierdie byeenkoms sou wees, het Petrus heelwaarskynlik deur ‘n vertaler begin preek. Toe die Heilige Gees egter op Kornelius en sy huishouding uitgestort is, kon die Jode saam met Petrus verstaan wat die Heidene in ander tale as hulle eie gepraat het. Die verslag is dat die Jode gehoor het hoe hulle “God groot gemaak het” in hierdie tale. Petrus het later hierdie ondervinding soos volg aan die

kerkleiers meegedeel, “het die Heilige Gees op hulle geval *soos ook op ons in die begin*.” (Handelinge 11:15, beklemtoning bygevoeg).

Petrus sê duidelik hier vir ons dat Kornelius en sy familie dieselfde gawe van tale op soortgelyke wyse ontvang het as die dissipels op Pinksterdag. Met ander woorde, hulle het in verstaanbare tale gepraat wat hulle nie voorheen geken het nie.

Die derde en finale voorbeeld van praat in tale, is toe Paulus vir 12 Efesiese dissipels gepreek het. Handelinge 19:6 verklaar, “En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer.”

Paulus was die mees geleerde en wydberese van al die apostels, en hy kon verseker baie tale praat (1 Korinthiërs 14:18). Toe die Heilige Gees op hierdie 12 Efesiese manne geval het, het Paulus besef dat hulle in ander tale profeteer, of preek. Heelwaarskynlik het hulle in tale gepraat wat algemeen bekend was deur die Romeinse Ryk, aangesien dit prakties sou wees om die Evangelie te versprei. Lukas sê nie dat hulle ‘n vorm van tale verskillend van die eerste twee voorbeelde ontvang het nie, en daarom moet ons aanneem dat dit dieselfde tipe gawe was as wat by Pinksterdag gegee was.

U sal vind dat die enigste kere wat die gawe van tale met die uitstorting van die Heilige Gees geassosieer was, was wanneer mense uit meer as een taalgroep saam was en daar dus taalversperrings was.

Let daarop dat in Handelinge hoofstuk 4 u ‘n herhaling het van die ondervinding wat in hoofstuk 2 beskryf word. Die plek het geskud en hulle was met die Heilige Gees vervul, maar omdat daar geen buitelanders teenwoordig was nie, was die gawe van tale afwesig. Handelinge 4:31 sê: “En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek.”

Die doel van die doop met die Heilige Gees is nie om onverstaanbare geluide te mompel of te babbel nie, maar eerder om die krag te hê om te preek. Dit is waarom Jesus gesê het, "maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde." (Handelinge 1:8).

## HOOFSTUK DRIE
## **DIE BOODSKAP AAN KORINTE**

Van die 14 Nuwe Testamentiese boeke wat deur Paulus geskryf is, is 1 Korinthiërs die enigste een waarin hy die onderwerp van tale bespreek. Die Korintiese kerk het duidelik 'n spesifieke, tydelike probleem gehad, omdat Paulus se tweede brief aan Korinte glad nie eers tale noem nie.

Die antieke stad van Korinte was beroemd vir sy twee internasionele seehawens. Aangesien die Korintiese kerk 'n smeltpot van baie verskillende nasionaliteite was, het die dienste dikwels chaoties en verwarrend geraak. Dit is duidelik dat sommige van die lede in 'n taal sou bid, getuig, of preek wat onbekend was aan die ander teenwoordig. Dit is waarom Paulus beveel het dat indien hulle in 'n taal gepraat het wat onbekend was vir die meerderheid, hulle moes stilbly, tensy daar iemand was wat kon vertaal of uitlê (1 Korinthiërs 14:28). Met ander woorde, dit is nie beleefd om in 'n taal te praat wat u gehoor nie kan verstaan nie. Luister na hierdie eenvoudige stellings van die apostel: "Maar nou, broeders, as ek na julle kom en in tale spreek, tot watter nut sal ek vir julle wees as ek nie met julle spreek òf deur 'n openbaring, òf deur kennis, òf deur profesie, òf deur lering nie? Net soos met lewelose dinge wat 'n klank gee, 'n fluit of 'n siter, as hulle nie 'n onderskeid in toon laat hoor nie, hoe sal 'n mens weet wat op die fluit of siter gespeel word? Want as die basuin ook 'n onduidelike klank gee, wie sal klaarmaak vir die

oorlog?  Net so julle ook, as julle met die tong geen verstaanbare woord uitbring nie, hoe sal 'n mens weet wat gespreek word? Want julle sal wees soos mense wat in die wind praat. … maar in die gemeente wil ek liewer vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tienduisend woorde in 'n taal. … En as iemand in 'n taal spreek, laat dit dan wees twee of hoogstens drie, en by beurte; en laat een dit uitlê.  Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy in die gemeente swyg, en laat hy met homself en met God spreek."  (1 Korinthiërs 14:6-9, 19, 27, 28).

Dit is regtig verbasend dat sommige mense hierdie gedeelte neem en dit gebruik as 'n verskoning om gedurende dienste te babbel!  Die volgehoue boodskap van Paulus dwarsdeur die Skrif is die teenoorgestelde.  In 1 Timotheus 6:20, noem hy spesifiek "onheilige, onsinnige praatjies en teëwerpinge."  En in 2 Timotheus 2:16 herhaal Paulus hierdie raad:  "Maar die onheilige, onsinnige praatjies moet jy vermy; want hule sal al verder voortgaan in goddeloosheid."  Met ander woorde, die doel van die gawe van tale is om u gedagtes te kommunikeer.  Indien diegene wat teenwoordig is nie u kommunikasie verstaan nie, bly dan stil.

## HOOFSTUK VIER
## **HEMELSE GEBEDSTAAL?**

Baie van my charismatiese vriende sal saamstem dat die tale waarvan in die boek Handelinge gepraat word, normale tale van die wêreld was.  Hulle voeg egter vinnig by dat daar 'n tweede gawe is – 'n hemelse gebedstaal.  Hierdie gawe, sê hulle, is om die Gees se "onuitspreeklike sugtinge" (Romeine 8:26) uit te druk. Die doel, sê hulle, is sodat die duiwel nie ons gebede kan verstaan nie.  Ons word nêrens geleer om ons gebede vir die duiwel te verberg nie.  Hy sidder wanneer hy Christene hoor bid!

Hierdie leerstelling van gebedstaal is hoofsaaklik gebaseer op 1 Korinthiërs 14:14, waar Paulus sê, "Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar."

Hulle vertolk dit om te beteken dat wanneer Paulus in die Gees gebid het, hy ‘n “hemelse taal” gebruik het en self nie geweet het wat hy gebid het nie. Hierdie teorie bring ‘n belangrike vraag ter sprake. Hoe sou die persoon wat bid ooit weet of sy gebed beantwoord was?

Wat sê Paulus dus in werklikheid hier in 1 Korinthiërs 14:14? Die probleem om hierdie versie te verstaan, ontstaan grootliks uit die omslagtige vertaling. Gun my die geleentheid om die versie in spreektaal te vertaal: “As ek in ‘n taal bid wat diegene rondom my nie verstaan nie, kan ek wel met die Gees bid, maar my gedagtes sal nutteloos wees vir diegene wat luister.” Paulus is vasbeslote dat wanneer ons hardop bid, ons so moet bid dat andere rondom ons dit kan verstaan of anders moet ons stilbly! Let op die volgende paar versies: “Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing. Anders, as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van ‘n onkundige inneem, amen sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie?” (1 Korinthiërs 14:15,16). Volgens hierdie teks, wie het die probleem om te verstaan? Dit is die luisteraar en nie die spreker nie soos wat oor die algemeen geleer word. Indien u al ooit saam met iemand gebid het wat bid in ‘n taal wat u nie ken nie, dan weet u wat Paulus bedoel wanneer hy gesê het dat dit moeilik is vir u om “Amen” te sê (wat beteken “laat dit so wees”) aan die einde van die gebed. Sonder ‘n tolk, het u geen idee van wat u goedkeur nie. U het dalk sopas ‘n seën op die duiwel gevra vir sover as wat u bewus is!

Dit is baie duidelik uit die konteks van 1 Korinthiërs 14 dat die doel daarvan om in tale, of in ander tale, te praat, is om die evangelie te kommunikeer en daardeur die kerk geestelik op te bou. Indien die luisteraars nie die taal wat gepraat word, verstaan nie, kan hulle nie geestelik opgebou word nie. Gevolglik, indien daar nie ‘n tolk is nie, praat die spreker eenvoudig in die lug en die enigstes wat sal weet wat gesê word, is hyself en God.

Dit is die duidelike betekenis van die dikwels verkeerd-aangehaalde vers 2. “Want hy wat in ‘n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede.”

Paulus beklemtoon weer eens dat die tale wat gespreek word deur die hoorders verstaan moet word of anders sal die persoon wat die geheimenisse van die evangelie wil deel, slegs moet stil sit in meditasie met God. “Net so julle ook, as julle met die tong geen verstaanbare woord uitbring nie, hoe sal ‘n mens weet wat gespreek word? Want julle sal wees soos mense wat in die wind praat.” “Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy in die gemeente swyg, en laat hy met homself en met God spreek.” (verse 9, 28). Dit is dus duidelik dat die hele doel van tale spreek, is om taalversperrings te oorbrug en sodoende die evangelie te verkondig!

Sommige het gevra, “Het Paulus nie gesê dat hy met die taal van engele praat nie?”

Nee, Paulus het gesê, “*Al* sou ek die taal van mense en engele spreek …” (1 Korinthiërs 13:1, beklemtoning bygevoeg). Indien u hierdie versie in sy konteks lees, sal u sien dat die woord “al” “selfs as” beteken. Byvoorbeeld, Paulus het ook in vers 2 gesê, “*Al* sou ek die geloof hê …” Hy het nie alle geloof gehad nie. En vers 3 voeg by, “*Al* sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word …” Paulus was onthoof, nie verbrand nie. Ons kan dus sien dat hier die woord “al” gebruik om te beteken “selfs as”.

## HOOFSTUK VYF
## **KORREKTE PRIORITEITE**

Ek glo dat alle gawes van die Gees, insluitende die ware gawe van tale, nog steeds vandag vir die kerk beskikbaar is. Die Skrifte leer egter dat sommige van die gawes belangriker is as

ander en dat ons op die belangrikste gawes moet konsentreer. "Maar beywer julle met die oog op die beste gawes" (1 Korinthiërs 12:31).

Wanneer die Bybel geestelike gawes noem, word tale inderwaarheid gewoonlik aan die einde van die lys gevind. "En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, dan daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale." (1 Korinthiërs 12:28). "Want hy wat profeteer is groter as hy wat in tale spreek" (1 Korinthiërs 14:5).

Sommige charismatiese predikers het egter die lys omgedraai en die gawe van tale die hooftema van hulle prediking gemaak. Hulle wil hê dat ons moet dink dat 'n Christen wat nie in tale spreek nie, 'n minderwaardige burger is. Paulus maak dit egter duidelik dat verskillende gawes aan verskillende mense gegee is, en daar nie verwag word dat enigeen al die gawes moet hê nie. Hy vra in 1 Korinthiërs 12:29,30: "Almal is tog nie apostels nie, almal is tog nie profete nie, almal is tog nie leraars nie, almal is tog nie kragte nie? Het almal genadegawes van gesondmaking, spreek almal in tale, kan almal dit uitlê?" Die antwoord is vanselfsprekend NEE!

Die Bybel sê, "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." (Galasiërs 5:22,23). Maar hierdie selfde predikers wil ons laat glo dat die vrugte van die Gees tale is of dat elke persoon wat met die Heilige Gees gevul is in tale sal praat. Uit meer as 50 voorbeelde in die Bybel waar God Sy volk met die Gees gevul het, is tale egter slegs driekeer met die ondervinding verbind.

Verder is Jesus ons voorbeeld. Hy was gevul met die Heilige Gees, maar Hy het egter nooit in tale gepraat nie. Johannes die Doper was "vervul met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af" (Lukas 1:15), maar daar is egter ook geen verslag dat hy in tale gepraat het nie.

Van die 27 boeke in die Nuwe Testament verwys slegs drie enigsins na die gawe van tale. Daar is ongeveer 39 Bybelskrywers. Van die 39, noem slegs drie – Lukas, Paulus en Markus – die onderwerp van tale. Met ander woorde, ons moet die klem plaas waar God dit plaas.

## HOOFSTUK SES
## **KREATIEWE NAMAAKSEL**

Die ware gawe van tale is ‘n magtige middel om die evangelie mee te verkondig. Onthou egter dat die duiwel ‘n vervalsing het vir elke waarheid van God.

Glossolalie (glô´se-lâ’lê-e) is die woord wat dikwels gebruik word om die gewilde ondervinding te beskryf wat in die meeste charismatiese kerke plaasvind. Dit word in die *American Heritage Dictionary* gedefinieer as: “betekenislose gefabriseerde spraak, veral sodanige spraak wat met ‘n toestand van geestesvervoering of sekere skisofreniese sindrome geassosieer word.”

Vergelyk dit met dieselfde woordeboek se definisie van ‘n taal: “Die gebruik deur mense van stemgeluide, en dikwels geskrewe simbole wat hierdie geluide verteenwoordig, in georganiseerde kombinasies en patrone ten einde gedagtes en gevoelens uit te druk en te kommunikeer.” Volgens enige definisie is die onsamehangende geluide van glossolalie nie ‘n taal nie.

Glo my, ek het hierdie gebruik al dikwels gesien. In een charismatiese kerk wat ek bygewoon het, was die pastoor en sy vrou ‘n “talespan.” Elke week in die middel van die pastoor se preek, het die vrou opgespring, haar arms in die lug gegooi, en in ekstase geluide gemaak. Sy het egter altyd dieselfde ding gesê. “Handa kala shami, handa kala shami, handa kala shami …” Aanhoudend. Dit het my onmiddellik agterdogtig gemaak omdat Jesus gesê het, “En as julle bid, gebruik nie ‘n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie” (Mattheus 6:7).

Elke keer wat dit gebeur het, sou die man ophou preek en ‘n twyfelagtige Engelse vertaling vir haar sogenaamde boodskap gee. Gewoonlik het dit begin met “So sê die Here.” Ten spyte van die feit dat sy altyd die woorde “handa kala shami” herhaal het, was die pastoor se vae vertolking egter elke keer anders – en soms driekeer langer as die geluide. Ek het gewonder waarom, as dit ‘n boodskap van God was, Hy dit nie dadelik vir ons in Engels gegee het nie.

## HOOFSTUK SEWE
## **AANVAAR UIT DIE HEIDENDOM**

My blootstelling aan hierdie charismatiese “talespan” het my herinner aan sommige van die dinge wat ek in my geskiedenisboeke gelees het terwyl ek opgegroei het. Hierdie moderne verskynsel van tale vind sy oorsprong nie in die Bybel nie, maar eerder in antieke heidense spiritualistiese rituele. In die sesde eeu v.C., was die Orakel van Delphi gebou aan die onderkant van die berg Parnassus. Delphi was ook gewy aan Dionysus, die god wat met wyn, vrugbaarheid en sensuele dans, geassosieer was, en aan die nege Muses, vooggodinne van musiek.

Terwyl opwekkende musiek gespeel was, sou Pythia, die hoofpriesteres, bedwelmende dampe uitasem, in ‘n koorsagtige geestesvervoering gaan en dan begin babbel. Die snaakse geluide wat die priesteres gemompel het, was dan deur ‘n priester uitgelê, wat gewoonlik in digvorm gepraat het. Haar geluide was beskou as die woorde van Apollo, maar die boodskappe was so dubbelsinnig dat dit selde verkeerd bewys kon word.[1]

Terwyl ek saam met die Amerikaanse inboorlinge in Nieu-Mexico gewoon het, het ek ‘n paar keer ‘n soortgelyke ritueel gesien. Die Indiane sou die drogbeeldende meskal (‘n soort kaktus) eet en dan vir ure in ‘n sirkel sit en sing-praat en op tromme slaan. Kort voor lank het ‘n hele paar spasmodies

gemompel terwyl hulle hulle martelende visioene ervaar het. Vandag is die charismatiese kerke by verre die gewildste onder die Amerikaanse inboorlinge omdat dit so ‘n maklike en natuurlike oorgang vanaf hulle ou godsdienste is.

Onder die heidense Afrikastamme, ten einde die seëninge van hulle gode te verkry, sou die mense ‘n hoender of bok offer en dan vir ure lank om die vuur dans, en liedere op die ritme van tromslanery sing-praat. Uiteindelik sou sommige van die mense deur hulle gode in besit geneem word en sou hulle die onheilspellende tale van die geesteswêreld begin praat. Die plaaslike toordokter of priester sou die boodskappe vertaal. Hierdie ritueel word vandag nog deur “Voodoo Catholics” in die Wes-Indiese Eilande beoefen.

Hierdie heidense gebruik is vir die eerste keer in die vroeë 1800’s in die Noord-Amerikaanse Christelike kerke beoefen. Baie van die slawe uit Afrika wat na Amerika gebring was en gedwing was om Christenskap te aanvaar, kon die Bybel nie self lees nie. Alhoewel hulle van ‘n verskeidenheid stamme in Afrika gekom het, was een van die gebruike wat die meeste stamme in gemeen gehad het, die “Danse van die Geeste” met die “geesbeheersde” persoon wat mompel.

Die slawe het hierdie verkeerdelik met die Christelike “gawe van tale” geassosieer en begin om ‘n gemoderniseerde weergawe daarvan in hulle byeenkomste te beoefen. Hierdie waansinnige dienste, wat begelei was deur ritmiese musiek, het eers in die Suide begin versprei en die deelnemers was deur die vooraanstaande genootskappe bespot as “Holy Rollers.” Sommige het selfs sover gegaan as om giftige slange te gryp gedurende hulle geestesvervoerings as ‘n manier om te bewys dat hulle die “gees” gehad het. (Hierdie was ‘n wanvoorstelling van Markus 16:18, wat sê, “slange sal hulle opneem,” met verwysing na die tyd toe Paulus per ongeluk deur ‘n slang gepik is maar nie deur die gif gedood is nie. Vergelyk Handelinge 28:3-6). Vir mense om dodelike slange te jag en op te tel ten einde te

bewys dat hulle die Heilige Gees het, is in werklikheid om God te beproef!

Die nasionale uitbreiding van die Pinksterbeweging onder Kaukasiërs het in Los Angeles begin by die Apostoliese Geloofsending in Azusastraat in 1906. Die leier was ‘n voormalige swart heiligheidsprediker met die naam William Seymour. Van daar af het leiers voortgegaan om die leerstellings te verfyn en hulle aantrekliker en aanvaarbaar vir ander vooraanstaande Christene te maak.

“In ongeveer 1960 het die charismatiese beweging begin om volgelinge binne tradisionele genootskappe te lok. Sedertdien het dit voortgegaan en toegeneem om te groei totdat daar nou ‘n hele paar miljoen charismate in Protestante en Katolieke kerke rondom die wêreld is.” [2]

Dit is belangrik om te let op die prominente rol van musiek in al die heidense godsdienste wat glossolalie beoefen. Hierdie vervalste gawe van tale het oorspronklik sy vastrapplek in vooraanstaande kerke gekry deur “gedoopte” heidense musiek en aanbiddingstyle. Die dominante, herhalende ritmes en sinkoperende maatslag ontwapen die hoër redeneringskragte en plaas die onderbewussyn in ‘n hipnotiese toestand. In hierdie kwetsbare toestand vind die gees van verruklike geluide maklik toegang.

Die duiwel gebruik nou hierdie vervalste gawe van tale, net soos ‘n Trojaanse perd, om heidense aanbiddingstyle in Christelike kerke te vestig met ‘n skrikwekkende mate van sukses. Satan wil die aandag van Christene verskuif vanaf geloof na gevoel. Sommige van hierdie Charismatiese kerke gaan so ver as om te sê dat die Bybel die ou brief is, en dat boodskappe wat deur tale kom, vars openbarings van die Gees is en daarom meer betroubaar is.

Die verhoog is dus nou voorberei vir Satan se finale vertoning!

HOOFSTUK AGT

## HOE GOD SE GEES ONS BEÏNVLOED

Die begrip dat ‘n persoon wat “die gees ontvang het” op die grond moet neerval en moet rondwoel en mompel, is ‘n belediging vir die Heilige Gees. Die rede waarom God vir ons Sy Gees gee, is om Sy beeld in ons te herstel – nie om ons van alle waardigheid en selfbeheersing te beroof nie!

Op die berg Karmel het die heidense profete van Baäl op die altaar gespring en geskree en gekla. Hulle het geprofeteer en hulself stukkend gesny. In teenstelling daarmee het Elia stil neergekniel en ‘n eenvoudige gebed gebid (1 Konings 18:17-46).

“Want God is nie ‘n God van wanorde nie” (1 Korinthiërs 14:33). Indien God nie verantwoordelik is nie, wie is dan?

Die idee dat ons beheer verloor wanneer ons die Gees ontvang, is nie in ooreenstemming met die Skrifte nie. “En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe” (1 Korinthiërs 14:32).

Hier is ‘n ander goeie voorbeeld. Nadat Jesus ‘n versteurde, duiwelbesete man by die see genees het, het hulle gesien hoe hy “aan die voete van Jesus sit, gekleed en by sy verstand” (Lukas 8:35). Die uitnodiging van God is “Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here” (Jesaja 1:18). Hy wil hê dat ons ons verstand moet gebruik.

Sommige van u wat hierdie studie lees, dink ongetwyfeld: “Hoe durf u hierdie dinge sê? Ek het vir jare in tale gepraat en weet dat dit van God kom!” As Christene moet ons nooit ons gevolgtrekking baseer op ons gevoel nie. Sekerlik kan die duiwel ons ook goed laat voel. Ons moet eerder ons oortuigings op die onfeilbare Woord van God baseer.

‘n Vriend van my was ‘n aktiewe charismaat wat dikwels in tale gepraat het. Toe hy hierdie dinge bestudeer het, het hy begin twyfel of hierdie “gawe” van die regte gees was. Hy het opreg gebid en gesê, “Here, indien hierdie nie U wil is nie en ek nie die

ware gawe van tale ervaar nie, neem dit asseblief weg!" Hy het vir my gesê dat van daardie dag af die ondervinding van glossolalie nooit teruggekeer het nie. 'n Ware Christen moet gewillig wees om elke gekoesterde sienswyse en gewoonte op die altaar van God se wil te plaas en enige gebruik wat twyfelagtig is, laat vaar – ongeag hoe gewild, aanvaarbaar, of geliefd dit onder andere Christene is. Daar is sommige dinge wat hoog by mense aangeskryf word, maar wat 'n gruwel in God se oë is (Lukas 16:15).

## HOOFSTUK NEGE
## **GEBABBEL IN BABILON**

Waarom is dit vandag so belangrik vir ons om die onderwerp van tale te verstaan? Ek glo dat die moderne charismatiese beweging in die Bybelse profesie voorspel was.

Openbaring sê vir ons in hoofstuk 18: "En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval,geval het die groot Babilon … En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie" (verse 2, 4).

Ons moet onthou dat een van die hoof karaktertrekke van antieke Babilon by die toring van Babel 'n verwarring van tale was (Genesis 11:7-9). Openbaring sê vir ons dat in die laaste dae, God se volk uit Babilon en sy vervalste godsdienstige stelsels geroep sal word.

"En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom." (Openbaring 16:13). Die uitdrukking "uit die bek" verteenwoordig spraak, en moet asseblief nie die feit miskyk dat 'n padda se grootste wapen sy tong is nie. Onrein tale? Miskien is God besig om ons iets te vertel. Onthou dat die verwarring van tale by Babel nie 'n seëning van die Gees was nie, maar eerder 'n vloek van hulle rebellie. Inderwaarheid kom ons

moderne woord "gebabbel" van die verhaal van antieke Babel. By Pinkster was die vloek van Babel omgekeer sodat andere die evangelie kon verstaan.

## HOOFSTUK TIEN
## **AAN DIE GEHOORSAMES GEGEE**

Ek het mense ontmoet wat vir my vertel het dat hulle met die Heilige Gees gedoop is, omdat hulle in tale gepraat het; nogtans het hulle 'n sigaret in die een hand en 'n kannetjie bier in die ander hand vasgehou. Laat ons nou iets duidelik verstaan. Daar is 'n paar basiese vereistes om hierdie kosbare gawe van die Heilige Gees te ontvang.

Jesus sê, "As julle My liefhet, bewaar my gebooie. En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid; die Gees van waarheid" (Johannes 14:15,16,17).

"En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees, *wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is*." (Handelinge 5:32, beklemtoning bygevoeg).

'n Paar jaar gelede het verskeie beroemde TV evangeliste van die pad afgedwaal. Hulle het almal daarop aanspraak gemaak dat hulle met die Heilige Gees gevul was en die gawe van tale het. Hulle het egter in afstootlike immorele ongehoorsaamheid geleef. Hulle sou op TV in tale praat, dan die ateljee verlaat om 'n lewe te leef wat hulle in die verleentheid gebring het. Iets was net nie reg nie. Hierdie mense het my ook laat wonder, "Indien hierdie die werklike gawe van tale is, waarom het hierdie charismatiese evangeliste 'n leërmag van tolke nodig om vir hulle te vertaal wanneer hulle oorsee preek?"

Waarom gee God die Gees? "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees" (Handelinge 1:8). God gee nie vir ons die Gees om te babbel nie, maar vir krag om te kan getuig!

Hoe kan ons die ware gawe van die Heilige Gees ontvang? Onderwerp uself volkome aan God, wees gewillig om andere te vergewe, gehoorsaam Hom, en *vra*. Lukas 11:13 sê, “As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?”

---

1 *The Concise Columbia Encyclopedia* en *Compton’s Interactive Encyclopedia,* onder die inskrywing “Delphi.”

2 *Compton’s Interactive Encyclopedia,* onder die inskrywing “Pentecostals.”